# Passie vir hul vakgebied en studente deurlopend sigbaar by topdosente

Die Universiteit Stellenbosch se fakulteit ekonomiese en bestuurswetenskap wys vanaand sy topdosent aan by 'n glansgeleentheid in Stellenbosch. Vanjaar is elke finalis reeds aangewys as die topdosent in sy of haar departement. **Lana Coetzee** het met al die finaliste gesels om uit te vind wat hul werk as dosent vir hulle so spesiaal maak.



**Prof. Edwin Theron (departement ondernemingsbestuur):** "My vrou sê altyd sy ken min mense wat soggens nie kan wag om werk toe te gaan nie. Ek is absoluut gek daaroor om met studente te werk. En ek wil nie hê hulle moet my sien as iemand wat daar bo in die gebou sit nie – as daar 'n probleem is, moet 'n student weet hy kan na my toe kom. Ons kan nie bekostig om 'n student in die massa te laat wegraak nie."



**Dr. Debra Shephard (departement ekonomie):** "Daar is niks anders wat ek sal wil doen as om klas te gee nie. Dis 'n kans om studente te help om persoonlik te groei. Jy moet bereid wees om op hul vlak met studente te kommunikeer en hulle uit te daag. Dis ongelooflik vervullend, veral as jy byvoorbeeld sien hoe 'n student wat in sy eerste jaar nie 'n vak kon deurkom nie, nou besig is met sy meestersgraad."



**Prof. Callie Theron (departement bedryfsielkunde):** " 'n Dosent is iemand wat lewenslank 'n student bly, nuuskierig is, 'n liefde vir sy vakgebied het en daardie liefde met die studente wil deel. Dit maak 'n mens nederig dat jy toegelaat word om 'n impak ten goede op iemand se lewe te hê. Jy moet respek hê vir die studente, hoë verwagtings van hulle koester en nie beïndruk wees met jou posisie nie."



**Prof. Sarel Steel (departement statistiek en aktuariële wetenskap):** "Die dag wanneer ek aftree, sal ek die interaksie met studente die meeste mis. Klasgee gaan oor soveel meer as net die vak – 'n mens dra kennis oor, maar jy verskaf ook leiding en ondersteuning. Jy moet toeganklik en beskikbaar wees, en altyd bereid wees om te luister. Bo alles is ek dankbaar dat hierdie geleentheid vir my beskore is."



**Dr. Babette Rabie (skool vir publieke leierskap):** "Dis geweldig belangrik om 'n liefde en passie vir jou vakgebied te hê en jouself gedurig te bly opskerp. Jy moet die beste op jou vakgebied bly en jou studente toerus met dit wat hulle nodig het. Goeie kommunikasievaardighede is 'n moet. Regverdigheid, billikheid, duidelike riglyne, verwagtinge en konsekwente toepassing is alles dinge wat vir my belangrik is."



**Mnr. Roelof Baard (skool vir rekeningkunde):** "As dosent moet jy eerstens dit wat jy aanbied sélf verstaan, anders gaan die studente nie verstaan nie. Hulle sien regdeur jou en daarom moet jy altyd jouself wees. Elke student verdien om dieselfde entoesiasme as jy oor jou vak te ervaar en dis wonderlik om te sien hoe iemand se passie ontwikkel. Ek kan myself nie iets anders sien doen nie; vir my is dit 'n roeping."



**Mnr. Heinri Freiboth (departement logistiek):** "Die akademie is 'n omgewing wat heeltyd verander, daarom moet jy voortdurend op die voorpunt bly. Ek probeer om die beginsel te volg dat jy aan ander moet doen wat jy aan jouself gedoen wil hê. En ek dink altyd terug aan dit waarmee ek as student gesukkel het. Dis heerlik om te sien hoe iemand wat met iets gesukkel het, dit snap."



**Prof. André Roux (US Bestuurskool):** "Ek moedig gesprek aan in my klasse en tree eintlik as 'n soort skeidsregter op. Ek sal nooit my eie persoonlike opinie gee nie, want ek moet objektief wees en debat stimuleer. 'n Mens moet kan erken dat jy nie alles weet nie; dikwels leer ons as dosente net so baie by die studente, veral in my geval, omdat ek vir mense wat reeds praktiese ervaring het, klasgee."